- (iii) die vervoer van goed deur die Republiek of die bepaalde lande vanaf een uitvoerland na 'n ander uitvoerland; en

(b) regstreeks aan 'n persoon wat—

- (i) nie 'n inwoner van die Republiek is nie; en
- (ii) nie 'n inwoner van 'n bepaalde land is of daar 'n besigheid bedryf nie; en
- (iii) nie 'n ondernemer is nie,

behalwe deur 'n agent of 'n ander persoon.

Ten einde vir die nulkoers te kwalifiseer, moet die lewering van die aanvullende vervoerdiens aan ten minste een van die vereistes in (a) en aan al die vereistes in (b) genoem, voldoen. Dit is belangrik om daarop te let dat die aanvullende vervoerdiens aan 'n nie-inwoner op 'n ander wyse as deur 'n agent of 'n ander persoon gelewer moet word. Die leweraar van die aanvullende vervoerdiens moet dus regstreeks met die nie-inwoner kontrakteer en nie deur 'n agent van die nie-inwoner of 'n ander tussen-ganger in die Republiek of 'n bepaalde land nie.

The trucking firm will charge VAT at the standard rate of 10 per cent to the clearing and forwarding agent on its services of transporting the goods from Durban to the importer's warehouse.

The clearing and forwarding agent will charge VAT at the standard rate of 10 per cent on its services of clearing the goods and transporting the goods to the importer's warehouse. The services of the clearing and forwarding agent do not form part of an international transport service supplied by him. The VAT charged by the trucking firm will qualify as input tax in the hands of the forwarding and clearing agent as he is acting as a principal and the services rendered by the trucking firm are acquired in order to perform his service of clearing the goods and transporting them to the importer's warehouse.

4.2 Ancillary transport services supplied, directly in connection with the importation or exportation of goods, to non-residents, otherwise than through an agent or other person

In terms of section 11 (2) (e), ancillary transport services are zero-rated provided they are supplied—

(a) directly in connection with—

- (i) the exportation of goods from the Republic or a specified country; or
- (ii) the importation of goods into the Republic or a specified country; or
- (iii) the movement of goods through the Republic or the specified countries from one export country to another export country; and

(b) directly to a person who is—

- (i) not a resident of the Republic; and
- (ii) not a resident nor carrying on business in a specified country; and
- (iii) not a vendor, otherwise than through an agent or other person.

To qualify for the zero-rating the supply of the ancillary transport service must meet at least one of the conditions enumerated in (a) and all of the conditions in (b). It is important to note that the ancillary transport service must be provided to the non-resident otherwise than through an agent or other person. The supplier of the ancillary transport service must therefore contract with the non-resident directly and not through an agent of the non-resident or other intercessionary in the Republic or a specified country.

5. DIE REËL VAN INTERNASIONALE VERVOERDIENSTE

Die dienste om die vervoer van die goed te reël is aan die nulloers onderhewig indien die vervoer van die goed —

- (i) vanaf 'n plek buite die Republiek en die bepaalde lande na 'n ander plek buite die Republiek en die bepaalde land is; of
- (ii) vanaf 'n plek in die Republiek of 'n bepaalde land na 'n plek in 'n uitvoerland is; of
- (iii) vanaf 'n plek in 'n uitvoerland na 'n plek in die Republiek of 'n bepaalde land; of
- (iv) vanaf 'n plek in die Republiek of 'n bepaalde land na 'n ander plek in die Republiek of 'n bepaalde land waar die vervoer binne die Republiek of die bepaalde lande gelewer word as deel van die diens om die goed te vervoer soos omskryf in paragrawe (i) tot (iii) hierbo en gelewer word deur dieselfde leweraar as dié van daardie vervoerdienste.

Waar 'n bedrag gehef word vir die reël van die vervoer van die goed, sal dit aan die nulloers onderhewig wees indien dit gehef word om 'n internasionale vervoerdiens of 'n plaaslike vervoerdiens te reël wat deel uitmaak van 'n internasionale vervoerdiens, waar dit gelewer word deur dieselfde leweraar. Die leweraar van die dienste moet minstens die internasionale vervoerdiens reël ten einde die vordering vir die nulloers te laat kwalifiseer. 'n Vordering om die plaaslike vervoerdiens te reël, sal slegs in daardie omstandighede vir die nulloers kwalifiseer waar die plaaslike vervoerdiens deur die kontraktuele leweraar van die internasionale vervoerdiens as deel van dieselfde kontrak gelewer word.

Voorbeeld 1:

'n Verkoper van goed in Japan verskeep goed na 'n invoerder in Suid-Afrika op 'n KAV-basis. Die invoerder nader 'n versendingsagent om die klaring, beskikbaarstelling en aflewering van die goed vanaf Kaapstad tot by sy fabriek in Bloemfontein te reël.

Die dienste van die versendingsagent sal aan BTW teen die standaardkoers van 10 persent onderhewig wees aangesien hy slegs die plaaslike vervoerdiens en die aanvullende vervoerdienste reël. Die versendingsagent tree in sy hoedanigheid as agent op.

Voorbeeld 2:

'n Uitvoerder nader 'n versendingsagent om te reël vir die uitvoer van sy goed. Die versendingsagent aanvaar die goed vir uitvoer en reël dat dit op die skip gelaai word asook vir die vervoer van die goed na Antwerpen. Die versendingsagent se dienste is aan BTW teen die koers van nul persent onderhewig aangesien hy die internasionale vervoerdiens reël. Die versendingsagent tree in sy hoedanigheid as agent op.

5. THE ARRANGING OF INTERNATIONAL TRANSPORT SERVICES

The services of arranging the transport of goods is zero-rated if the transport of goods is —

- (i) from a place outside the Republic and the specified countries to another place outside the Republic and the specified countries; or
- (ii) from a place in the Republic or a specified country to a place in an export country; or
- (iii) from a place in an export country to a place in the Republic or a specified country; or
- (iv) from a place in the Republic or a specified country to another place in the Republic or a specified country where the transport within the Republic or the specified countries is supplied as part of the services of transporting goods as described in paragraphs (i) to (iii) above, and is supplied by the same supplier as those transport services.

Where a fee is charged for arranging the transport of goods the fee will be zero-rated if it is charged for arranging an international transport service or a local transport service which forms part of an international transport service supplied by the same supplier. In order for the fee to qualify for zero-rating the supplier of the service must therefore as a minimum arrange the international transport service. A fee for arranging a local transport service will only qualify for zero-rating in those circumstances where the local transport service is supplied by the contractual supplier of the international transport service as part of the same contract.

Example 1:

A seller of goods in Japan ships goods to an importer in South Africa on a CIF basis. The importer approaches a forwarding agent to arrange the clearance, release and delivery of the goods from Cape Town to his factory in Bloemfontein.

The services of the forwarding agent will be subject to VAT at the standard rate of 10 per cent as he merely arranges the local transport services and ancillary transport services. The forwarding agent is acting in his capacity as an agent.

Example 2:

An exporter approaches a forwarding agent to arrange for his goods to be exported. The forwarding agent enters the goods for export and arranges their loading on board a ship and the transport of those goods to Antwerp. The forwarding agent's services are subject to VAT at the rate of zero per cent as he is arranging an international transport service. The forwarding agent is acting in his capacity as an agent.

6. GOED OF DIENSTE NAMENS 'N BUITELANDSE PRINSIPAAL VERKRY

Die algemene reël is dat waar enige goed of dienste aan 'n agent namens sy prinsipaal gelewer word, die goed aan die prinsipaal gelewer word en nie aan die agent nie. Die implikasie van hierdie reël is dat die prinsipaal en nie die agent nie, die insetbelastingaftrekking met betrekking tot die lewering van daardie goed en dienste kan eis. 'n Belangrike uitsondering op die reël bestaan in die geval van die internasionale vervoer van goed en aanvullende vervoerdienste.

Ingevolge die bepalings van artikel 54 (6) (b) (i) mag die agent wat optree namens 'n prinsipaal, wat **nie 'n inwoner van die Republiek is** en wat **nie 'n ondernemer is nie**, mits sekere voorwaardes nagekom word, die lewering van goed of dienste wat aan hom gedoen word namens sy prinsipaal, hanteer asof die lewering aan hom gedoen was. Die implikasie hiervan is dat die agent die aftrekking van insetbelasting met betrekking tot die lewering in sy eie hande mag eis en die koste van die goed of dienste sonder enige BTW na sy prinsipaal kan deurvoer.

Die voorwaardes wat nagekom moet word, is—

- die lewering aan die agent moet 'n belasbare lewering wees waarop BTW teen 10 persent gehef is; en
- die lewering moet regstreeks in verband staan met—
 - (i) die uitvoer van goed vanaf die Republiek na enige land of plek buite die Republiek (behalwe 'n bepaalde land of plek daarin); of
 - (ii) die reël van sodanige vervoer; of
 - (iii) die invoer van goed in die Republiek vanaf enige land of plek buite die Republiek; of
 - (iv) die reël van sodanige vervoer; of
 - (v) die vervoer van sodanige goed binne die Republiek as deel van 'n uitvoer of invoer soos hierbo beskryf; en
- die agent en die prinsipaal ooreenkom dat die agent as prinsipaal sal optree met betrekking tot die lewering.

Hierdie reëling is nie geldig waar 'n agent optree namens 'n prinsipaal wat 'n inwoner van die Republiek is of 'n geregistreerde ondernemer is nie.

Die beoogde goed en dienste sluit die volgende in:

- klaringsdienste;
- bevrugting;
- berging;
- voorbereiding van dokumentasie wat noodsaaklik is vir die vervoer van goed;
- versekering;
- verpakking;
- vraginspeksie;
- stuwadoordienste.

6. GOODS OR SERVICES ACQUIRED ON BEHALF OF A FOREIGN PRINCIPAL

The general rule is that any goods or services supplied to an agent on behalf of his principal are supplied to the principal and not to the agent. The implication of this rule is that the principal and not the agent is entitled to claim an input tax deduction in respect of the supply of those goods or services. An important exception to this rule exists in the case of the international transportation of goods and related services.

In terms of section 54 (6) (b) (i), provided certain conditions are met, the agent acting on behalf of a principal, who is **not a resident of the Republic** and is **not a vendor**, may treat the supply of goods or services made to him on behalf of his principal as if the supply had been made to him. The implication of this is that the agent may claim a deduction of input tax in respect of supplies in his own hands and pass the costs of those goods or services on to his principal without any VAT.

The conditions which must be met are—

- the supply to the agent must be a taxable supply charged with VAT at 10 per cent; and
- the supply must be directly in connection with—
 - (i) the exportation of goods from the Republic to any country or place outside the Republic (other than a specified country or a place therein); or
 - (ii) the arranging of such an exportation; or
 - (iii) the importation of goods to the Republic from any country or place outside the Republic; or
 - (iv) the arranging of such an importation; or
 - (v) the transportation of such goods within the Republic as part of an exportation or importation as described above; and
- the agent and principal agree that the agent is to act as principal in relation to the supplies.

This arrangement is not available where an agent is acting for a principal who is a resident of the Republic or is registered as a vendor.

The goods or services contemplated include—

- clearing services;
- freight;
- storage;
- preparation of documentation essential to the movement of the goods;
- insurance;
- packing;
- cargo inspections;
- stevedoring.

BTW-PRAKTYKNOTA: No. 11

10 Februarie 1992

DIENSTE WAT VERWANT IS AAN VERVOER-DIENSTE

(ARTIKEL 11 VAN DIE WET)

1. INLEIDING

Verskeie dienste wat verwant is aan die vervoer van goed, maar wat onderskei kan word van die diens om goed van een punt na 'n ander te vervoer en van aanvullende vervoerdienste, word in die Republiek of die bepaalde lande gelewer. Vervoerdienste en aanvullende vervoerdienste is dienste wat in direkte verband staan met 'n bepaalde verskuiwing van spesifieke goed van een punt na 'n ander. Dit kan nie onafhanklik van die verskuiwing van die goed waarop dit betrekking het, gelewer word nie. Hierdie dienste word in BTW-Praktyknota No. 10 behandel. Dienste wat verwant is aan vervoer, en wat die onderwerp is van hierdie praktyknota, kan onderskei word van vervoerdienste en aanvullende vervoerdienste, daar dit onafhanklik van 'n bepaalde verskuiwing van spesifieke goed gelewer kan word. Hierdie dienste word gewoonlik met betrekking tot die wyse van vervoer van goed of passasiers gelewer.

Verskeie partye mag by die lewering van dienste wat verwant is aan vervoerdienste betrokke wees. Dit is belangrik dat enige persoon wat betrokke is by die lewering, of reëlins vir die lewering van sulke vervoerverwante dienste, moet bepaal wat die aard van die diens is wat hy lewer en in watter hoedanigheid hy optree. Die aard van die diens wat hy lewer sal bepaal teen watter koers BTW op daardie diens gehef moet word, dit wil sê teen tien persent of nul persent. Die hoedanigheid waarin hy optree, sal bepaal op watter wyse enige BTW wat deur ander partye, betrokke by die lewering van dienste wat verwant is aan vervoer, hanteer moet word.

Ten einde te bepaal wat die aard van die diens is wat gelewer word, is dit belangrik dat die bepaling van die ooreenkoms tussen die leweraar en die ontvanger van die diens, bestudeer word.

Ten einde te bepaal in watter hoedanigheid 'n persoon optree, moet die kontraktuele verhouding tussen daardie persoon en sy kliënt ondersoek word. Die persoon wat die vervoerverwante diens lewer sal dit dikwels nodig vind om ander partye te betrek ten einde sy diens te lewer. Hy mag met hierdie partye as prinsipaal of as agent vir sy kliënt kontrakteer.

Die naam of handelsnaam waaronder 'n persoon se bedryf of beroep beoefen word, is nie van belang by die bepaling van die hoedanigheid waarin hy optree nie. Die kontraktuele verhouding tussen hom en sy kliënt is die bepalende faktor. Wanneer 'n persoon in sy eie naam en op eie verantwoordelikheid en aanspreeklikheid met ander partye kontrakteer, tree hy as prinsipaal op. Enige goed of diens wat aan hom gelewer word ten einde hom in staat te stel om sy diens te lewer, sal tot 'n insetbelastingaftrekking in sy hande aanleiding gee.

VAT PRACTICE NOTE: No. 11

10 February 1992

TRANSPORT RELATED SERVICES

(SECTION 11 OF THE ACT)

1. INTRODUCTION

Various services are rendered in the Republic or the specified countries which are related to the transportation of goods but which may be distinguished from the services of transporting goods from one point to another and ancillary transport services. Transport services and ancillary transport services are services which are rendered directly in connection with the particular movement of specific goods from one point to another. They can never be rendered independently of the movement of goods to which they relate. These services are dealt with in VAT Practice Note No. 10. The transport related services, which form the subject of this practice note, can be distinguished from transport services and ancillary transport services in that they may be rendered independently of any particular movement of specific goods. They are usually rendered in connection with the means of conveyance of goods or passengers.

Various parties may be involved in supplying transport related services. It is important for any person involved in the supply of, or in the arranging of the supply of, transport related services to determine what service he is rendering and in what capacity he is acting. The determination of what service is being rendered will determine at what rate VAT must be charged on that service, i.e. whether the supply of the service attracts VAT at the standard rate of 10 per cent or at zero per cent. The determination of the capacity in which he is acting will determine in which manner any VAT charged by other parties involved in providing transport related services should be treated.

In order to determine what service is being rendered it is essential to examine the terms of the contract between the supplier of the service and the recipient of the service.

In order to determine the capacity in which a person is acting the contractual relationship between that person and his client must be examined. The person supplying transport related services will often need to involve other parties in order to render his services. He may contract with these parties as a principal or as an agent on behalf of his client.

The name or style under which a person's trade or occupation is carried on is irrelevant in determining the capacity in which he acts. The contractual relationship between his client and himself is the determining factor. Where the person enters into contracts with other parties in his own name or upon his own liability and responsibility he is acting as a principal. Any goods or services supplied to him in order to enable him to render his service will give rise to an input tax deduction in his hands.

Indien die koste van hierdie goed of dienste, bo en behalwe die vergoeding vir sy eie diens, aan sy kliënt deurgegee word, ongeag of 'n wins by die koste gevoeg word of nie, sal die BTW-koers wat bepaal word deur die aard van sy eie diens, op die totale diens van toepassing wees. Hierdie beginsel word nie beïnvloed deur die feit dat die verskillende goed of dienste afsonderlik beskryf word nie.

Wanneer 'n persoon as 'n agent vir sy kliënt optree, sal enige goed of diens wat ten behoeve van sy kliënt verkry is, nie tot die aftrekking van 'n insetbelastingkrediet in sy eie hande aanleiding gee nie. Die koste van die goed of diens, insluitende BTW gehef deur die leweraar van daardie goed of diens, sal aan die kliënt deurgegee word. Afhangende van die kliënt se omstandighede, mag die BTW gehef op die goed of dienste tot die aftrekking van 'n insetbelastingkrediet in die hande van die kliënt aanleiding gee. Waar 'n persoon namens sy kliënt 'n kontrak sluit vir die lewering van goed of dienste aan sy kliënt en op sy kliënt se verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, tree hy as 'n agent op. Daar is een uitsondering op die reël dat 'n agent nie 'n aftrekking van insetbelasting ten opsigte van die verkryging van goed of dienste namens sy prinsipaal kan verkry nie. Hierdie uitsondering word in paragraaf 6 van hierdie praktyknota behandel.

2. SKEEPS- EN LUGVAARTUIGBEDIENINGS-DIENSTE

Die lewering van enige skeepsbedieningsdiens of lugvaartuigbedieningsdiens, in die Republiek of 'n bepaalde land, is teen die standaardkoers van tien persent aan BTW onderhewig. 'n Uitsondering op hierdie algemene reël word in paragraaf 5 vervat. Voorbeelde van bedieningsdienste is:

Skeepsbediening

- Hawe-ingang- en ankergelde.
- skeepsdok- en vasmeergelde.
- droogdokgelde.
- vasmeergelde.
- oorlê-gelde (betaalbaar wanneer skip nie binne 'n bepaalde tyd gelaai of afgelaai is nie).
- sekuriteits- en brandbestrydingsdienste.

Lugvaartuigbediening

- Landingsgelde, parkeer- of stallingsgelde.
- aansitbladdienste.
- sekuriteits- en brandbestrydingsdienste.

3. LOODSING-, BERGING- EN SLEEPDIENSTE

Die lewering van dienste bestaande uit loodsing, berging en slepery binne die Republiek of 'n bepaalde land is teen die standaardkoers van tien persent aan BTW onderhewig. 'n Uitsondering op hierdie algemene reël word in paragraaf 5 vervat.

When in addition to the charge for his own service, the costs of these goods or services are passed onto his client, whether a profit margin is added to these costs or not, the rate of VAT applicable to his total service is determined by the nature of his own service. The itemising of the various goods or services acquired in order to render his service does not affect this principle.

Where the person acts as an agent on behalf of his client any goods or services acquired on behalf of his client will not give rise to an input tax deduction in his own hands and the costs of the goods or services, including any VAT charged by the supplier of those goods or services will be passed on to his client. Depending on the client's circumstances the VAT charged on the goods or services may give rise to an input tax deduction in the client's hands. Where the person enters into contracts for the supply of goods or services to his client on his client's behalf and upon his client's liability and responsibility he is acting as an agent. There is one exception to the rule that an agent cannot obtain an input tax deduction in his own hands in respect of goods or services acquired on behalf of his principal. This exception is dealt with in paragraph 6 of this practice note.

2. SHIP AND AIRCRAFT HANDLING SERVICES

The supply in the Republic or a specified country of any ship handling or aircraft handling services are subject to VAT at the standard rate of 10 per cent. An exception to this general rule is contained in paragraph 5. Examples of handling services are:

Ship handling

- Port and harbour dues.
- dock and berth charges.
- dry dock charges.
- mooring charges.
- demurrage (charge for failing to load or discharge a ship within specified time).
- security and fire services.

Aircraft handling

- Aircraft landing, parking or housing fees.
- apron services.
- security and fire services.

3. PILOTAGE, SALVAGE AND TOWAGE SERVICES

The supply in the Republic or a specified country of any pilotage, salvage and towage services are subject to VAT at the standard rate of 10 per cent. An exception to this general rule is contained in paragraph 5.

4. DIENSTE GELEWER IN VERBAND MET DIE BEDRYF OF BESTUUR VAN SKEPE EN LUGVAARTUIE

Dienste gelewer in verband met die bedryf of bestuur van skepe en lugvaartuie binne die Republiek of 'n bepaalde land is teen die standaardkoers van tien persent aan BTW onderhewig. 'n Uitsondering op hierdie algemene reël word in paragraaf 5 vervat.

Voorbeelde van hierdie dienste is:

- Toesighouding oor onderhoud, ondersoek en herstel van skepe en lugvaartuie.
- aanneem en voorsiening van bemanning.
- tref van reëlins vir laai en aflaai.
- tref van reëlins vir bunkerbrandstof.
- tref van reëlins vir proviand en opberging.

5. BEDIENINGSDIENSTE; LOODSING-, BERGING- EN SLEEPDIENSTE; DIENSTE GELEWER IN VERBAND MET DIE BEDRYF EN BESTUUR VAN SKEPE EN LUGVAARTUIE; AAN SKEPE OP VREEMDE VAART EN LUGVAARTUIE OP VREEMDE VAART GELEWER

Ingevolge die bepalings van artikel 11 (2) (h) is die lewering van dienste bestaande uit—

- (i) bediening, loodsing, berging of slepery van enige skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart, terwyl dit in die Republiek of 'n bepaalde land geleë is; of
- (ii) dienste gelewer in verband met die bedryf of bestuur van enige skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart,

aan BTW teen die nulkoers onderhewig, met dien verstande dat—

- (a) die diens aan 'n persoon gelewer word wat—
 - nie 'n inwoner van die Republiek is nie; en
 - nie 'n inwoner is van, of 'n besigheid bedryf in 'n bepaalde land nie; en
 - nie 'n geregistreerde ondernemer is nie;
- (b) die dienste regstreeks aan voormelde persoon gelewer word en nie deur 'n agent of ander persoon nie.

Ten einde vir die nulkoers te kwalifiseer, moet daar dus aan al die volgende vereistes voldoen word:

- 5.1 Die dienste moet van 'n aard wees soos uiteengesit in paragrafe (i) en (ii) hierbo.
- 5.2 Die dienste moet gelewer wees met betrekking tot 'n skip op vreemde vaart of 'n lugvaartuig op vreemde vaart. Indien die skip of lugvaartuig nie binne die omskrywing van "skip op vreemde vaart" of "lugvaartuig op vreemde vaart" val nie, sal die dienste nie vir die nulkoers kwalifiseer nie.

4. SERVICES PROVIDED IN CONNECTION WITH THE OPERATION OR MANAGEMENT OF SHIPS AND AIRCRAFT

Services supplied in connection with the operation or management of ships and aircraft are subject to VAT at the standard rate of 10 per cent. An exception to this general rule is contained in paragraph 5.

Examples of these services are:

- Supervision of maintenance, survey and repair of ships and aircraft.
- engagement and provision of crews.
- arrangements for loading and discharging.
- arrangements for bunker fuel.
- arrangements for victualling and storing.

5. HANDLING SERVICES; PILOTAGE, SALVAGE AND TOWAGE SERVICES; SERVICES SUPPLIED IN CONNECTION WITH OPERATION OR MANAGEMENT OF SHIPS AND AIRCRAFT; SUPPLIED TO FOREIGN-GOING SHIPS AND FOREIGN-GOING AIRCRAFT

In terms of section 11 (2) (h), the supply of services which comprise—

- (i) the handling, pilotage, salvage or towage of any foreign-going ship or foreign-going aircraft while situated in the Republic or a specified country; or
- (ii) services provided in connection with the operation or management of any foreign-going ship or foreign-going aircraft,

are subject to VAT at the rate of zero per cent provided—

- (a) the services are supplied to a person who is—
 - not a resident of the Republic; and
 - not resident nor carrying on business in a specified country; and
 - not a vendor;
- (b) the services are supplied directly to the aforementioned person otherwise than through an agent or other person.

In order to qualify for a zero-rating all of the following conditions must therefore be met:

- 5.1 The services must be of the nature described in paragraphs (i) or (ii) above.
- 5.2 The services must be supplied in connection with a foreign-going ship or a foreign-going aircraft. If the ship or aircraft does not fall within the definition of a foreign-going ship or foreign-going aircraft, the services will not qualify for a zero-rating.

5.3 Die dienste moet aan 'n persoon gelever word wat—

- nie 'n inwoner van die Republiek is nie; en
- nie 'n inwoner is van, of 'n besigheid bedryf in 'n bepaalde land nie; en
- nie 'n ondernemer is nie.

Indien die ontvanger van die diens nie aan al die bostaande kriteria voldoen nie, sal die lewering van die diens nie vir die nulkoers kwalifiseer nie.

5.4 Die dienste moet regstreeks aan die persoon en nie aan 'n agent of ander persoon gelever word nie. Die leweraar van die diens moet dus regstreeks met 'n persoon kontrakteer en nie met 'n agent of ander bemiddelaar in die Republiek of 'n bepaalde land nie. Indien die leweraar van die diens die koste van die diens debiteer na 'n grootboekrekening vir, byvoorbeeld, 'n skeepsagent namens sy kliënt, sal die leweraar van die diens BTW teen die standaardkoers van tien persent hef. Dit sal die geval wees, ongeag of die leweraar 'n faktuur aan 'n agent, 'n ander bemiddelaar of die ontvanger van die diens uitreik. Die adresseering van 'n faktuur om soos volg te lees:

Die Kaptein en Eienaars (*naam van skip*)

p/a Skeepsagent (Edms.) Bpk.

Posbus XXX

DURBAN

verander niks aan die feit dat 'n diens deur 'n agent of ander persoon gelever is nie.

6. BEDIENINGSDIENSTE; LOODSING-, BERGING- EN SLEEPDIENSTE; DIENSTE GELEWER IN VERBAND MET DIE BEDRYF OF BESTUUR VAN SKEPE OP VREEMDE VAART EN LUGVAARTUIE OP VREEMDE VAART VERKRY TEN BEHOEVE VAN 'N BUITELANDSE PRINSIPAAL

Die algemene reël is dat dienste wat aan 'n agent, ten behoeve van sy prinsipaal gelever word, aan die prinsipaal gelever word en nie aan die agent nie. Die implikasie van hierdie reël is dat die prinsipaal en nie die agent nie, daarop geregtig is om die insetbelasting ten opsigte van die lewering van die diens, as aftrekking te eis. 'n Belangrike uitsondering op hierdie reël bestaan egter in die geval van bedieningsdienste, loodsing, berging, sleepdienste en dienste in verband met die bedryf of bestuur van skepe en lugvaartuie gelever.

Ingevolge artikel 54 (6) (b) (ii) mag 'n agent wat namens 'n prinsipaal optree, welke prinsipaal **nie 'n inwoner van die Republiek is nie** en wat ook **nie 'n ondernemer is nie**, onderhewig aan sekere voorwaardes, die lewering van dienste aan hom ten behoeve van sy prinsipaal hanteer asof die dienste aan homself gelever is. Dit beteken dat die agent 'n aftrekking van insetbelasting ten opsigte van hierdie lewerings mag eis en die koste van lewering van hierdie goed of diens aan sy prinsipaal sonder die byvoeging van BTW mag deurgee.

5.3 The services must be supplied to a person who is—

- not a resident of the Republic; and
- not resident nor carrying on business in a specified country; and
- not a vendor.

If the recipient of the services does not meet one or more of the above criteria the supply of the services will not qualify for a zero-rating.

5.4 The services must be supplied directly to the person otherwise than through an agent or other person. The supplier of the service must therefore contract with a person directly and not through an agent or other intercessionary in the Republic or a specified country. Where the supplier of these services debits the charges for the services to a ledger account held, for example, by a ship's agent on behalf of his client, the supplier of the service will charge VAT at the standard rate of 10 per cent. This will apply whether the supplier issues an invoice in the name of the agent, some other intercessionary or the recipient of the services himself. The addressing of an invoice as follows:

Master & Owners, m/v (*name of vessel*)

c/o Ship's Agent (Pty) Ltd.

P.O. Box XXX

DURBAN

does not in itself alter the fact that the services have been rendered through an agent or other person.

6. HANDLING SERVICES; PILOTAGE, SALVAGE OR TOWAGE SERVICES; SERVICES PROVIDED IN CONNECTION WITH THE OPERATION OR MANAGEMENT OF FOREIGN-GOING SHIPS AND FOREIGN-GOING AIRCRAFT ACQUIRED ON BEHALF OF A FOREIGN PRINCIPAL

The general rule is that services supplied to an agent on behalf of his principal are supplied to the principal and not to the agent. The implication of this rule is that the principal and not the agent is entitled to claim an input tax deduction in respect of the supply of those services. An import exception to this rule exists in the case of handling, pilotage, salvage and towage services and services rendered in connection with the operation or management of ships and aircraft.

In terms of section 54 (6) (b) (ii), provided certain conditions are met, the agent acting on behalf of a principal, who is **not a resident of the Republic** and is **not a vendor**, may treat the supply of services made to him on behalf of his principal as if the supply had been made to him. The implication of this is that the agent may claim a deduction of input tax in respect of these supplies in his own hands and pass the costs of those goods or services on to his principal without any VAT.

Die voorwaardes waaraan voldoen moet word is:

- Die lewering aan die agent moet 'n belasbare lewering wees waarop BTW teen 10 persent gehef is; en
- Die lewering moet bestaan uit—
 - bediening
 - loodsing, berging of slepery van enige skip op vreemde vaart of vliegtuig op vreemde vaart terwyl dit in die Republiek of 'n bepaalde land is, of
 - dienste gelewer in verband met die bedryf of bestuur van 'n skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart.
- Die agent en prinsipaal moet toestem dat die agent, met betrekking tot die betrokke lewerings, as prinsipaal mag optree.

Hierdie reëling geld nie waar die agent namens 'n prinsipaal optree en die prinsipaal 'n inwoner van die Republiek, of 'n geregistreerde ondernemer is nie.

Dienste gelewer aan passasiers of die bemanning, word nie in verband met die bedryf of bestuur van 'n skip of lugvaartuig gelewer nie. Voorbeelde van sulke dienste is—

- verblyf aan die bemanning gelewer;
- mediese en tandheelkundige dienste aan die bemanning gelewer;
- plaaslike vervoer aan die bemanning gelewer.

Die leweraars van hierdie dienste moet BTW teen die standaardkoers van tien persent hef. Aangesien hierdie dienste nie gelewer word in verband met die bedryf of bestuur van 'n skip op vreemde vaart of 'n lugvaartuig op vreemde vaart nie, maar eerder ten opsigte van die bemanning, mag die agent nie 'n aftrekking van die insetbelasting wat op hierdie dienste betrekking het, eis nie. Die koste van hierdie dienste, insluitend BTW, moet daarom deur die agent na die skeeps-eienaar of -kaptein deurgegee word.

7. REËLING VAN DIE VOORSIENING VAN SEKERE GOED OF DIENSTE WAT OP SKEPE OP VREEMDE VAART EN LUGVAARTUIE OP VREEMDE VAART BETREKKING HET

Verskeie partye tree as verteenwoordigers op vir die kapteins en eienaars van skepe op vreemde vaart en lugvaartuie op vreemde vaart terwyl hierdie vaartuie in die Republiek is. Hierdie agente tref reëlins en mag selfs vir die lewering van 'n wye verskeidenheid goed en dienste aan die kapteins en eienaars van skepe op vreemde vaart en lugvaartuie op vreemde vaart kontrakteer.

'n Bedrag word normaalweg vir die diens om reëlins te tref vir die lewering van sulke goed en dienste gevorder. Ingevolge artikel 11 (2) (i), waar die diens van die tref van reëlins vir die lewering gelewer word aan 'n persoon wat—

- nie 'n inwoner van die Republiek is nie;
- nie 'n inwoner is van en nie 'n besigheid bedryf in 'n bepaalde land nie; en
- nie 'n ondernemer is nie,

The conditions which must be met are—

- the supply to the agent must be a taxable supply charged with VAT at 10 per cent; and
- the supply must comprise—
 - the handling;
 - pilotage, salvage or towage of any foreign-going ship or foreign-going aircraft while present in the Republic or a specified country; or
 - services provided in connection with the operation or management of any foreign-going ship or foreign-going aircraft;
- the agent and principal agree that the agent is to act as principal in relation to the supplies.

This arrangement is not available where an agent is acting for a principal who is a resident of the Republic or is registered as a vendor.

Services supplied to passengers or crew are not supplied in connection with the operation or management of a ship or aircraft. Examples of these services are—

- accommodation supplied to crews;
- medical and dental services supplied to crews;
- domestic transport supplied to crews.

The suppliers of these services will charge VAT at the standard rate of 10 per cent. As the services are not supplied in connection with the operation or management of a foreign-going ship or aircraft, but rather in respect of the crews, the agent may not claim a deduction of input tax in respect of these services. The cost of these services including VAT would therefore be passed on to the owner or master by the agent.

7. ARRANGING OF SUPPLY OF CERTAIN GOODS OR SERVICES PERTAINING TO FOREIGN-GOING SHIPS AND FOREIGN-GOING AIRCRAFT

Various parties act as representatives for the masters and owners of foreign-going ships and foreign-going aircraft while these craft are situated in the Republic. These parties arrange and may even contract for a wide variety of goods and services to be supplied to the masters and owners of foreign-going ships and foreign-going aircraft.

A fee is usually charged for the service of arranging the supplies of various goods and services. In terms of section 11 (2) (i) where the service of arranging is rendered to a person who—

- is not a resident of the Republic;
- is not resident nor carrying on business in a specified country; and
- is not a vendor,

mag die bedrag vir die reëling van die lewering van die goed of dienste teen die nulkooers belas word mits dit ten opsigte van die reëling van die lewering van sekere gespesifiseerde goed en dienste gehef word.

Die gespesifiseerde goed en dienste wat aldus gelewer kan word is—

- goed afgelewer aan die eienaar of bevrachter van enige skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart, met dien verstande dat die lewering van die goed aan BTW teen die nulkooers onderhewig is. (Kyk paragraaf 9.) Goed wat hierby ingesluit is, is proviand, voorraad, brandstof en ander goed wat vir gebruik of verbruik op die skip of lugvaartuig bestem is, maar nie ook vrag nie;
- die herstel, instandhouding, skoonmaak of vernuwing van 'n skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart;
- die diens bestaande uit bediening, loodsing, berging of slepery van 'n skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart terwyl dit in die Republiek of 'n bepaalde land is; en
- dienste in verband met die bedryf of bestuur van 'n skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart gelewer.

In gevalle waar 'n saamgestelde bestuursgeld van die eienaar van 'n skip of lugvaartuig gevra word vir die diens om reëlins te tref vir die lewering van sommige of al die gespesifiseerde goed of dienste hierbo genoem, sal die **oorheersende of hoofrede** vir die saamgestelde geld, die hantering daarvan vir BTW-doeleindes bepaal. Die feit dat talle aanvullende dienste wat buite die bestek van die bepaalde goed of dienste val, ook deur die verteenwoordiger van die eienaar van die skip of lugvaartuig gereël word, doen nie afbreuk aan die wesentlike aard van die dienste gelewer waarvoor die saamgestelde bestuursgeld gevorder word nie.

Waar die gelde vir die reëling van die lewering van goed of dienste, van 'n inwoner van die Republiek gevorder word, of van 'n persoon wat 'n inwoner van 'n bepaalde land is of wat 'n besigheid daar bedryf, of van 'n ondernemer, sal dit aan BTW teen die standaardkooers van 10 per sent onderhewig wees.

8. HERSTEL, ONDERHOUD, SKOONMAAK EN VERNUWING VAN SKEPE OP VREEMDE VAART EN LUGVAARTUIE OP VREEMDE VAART

Ingevolge die bepalings van artikel 11 (1) (g) (iv) is dienste wat regstreeks in verband met die herstel, onderhoud, skoonmaak of vernuwing van 'n skip op vreemde vaart of 'n lugvaartuig op vreemde vaart gelewer word, aan BTW teen die nulkooers onderhewig.

Ten einde vir die nulkooers te kwalifiseer—

- moet die diens wat gelewer word in direkte verband staan met herstel, onderhoud, skoonmaak of vernuwing; en

the fee for the service of arranging the supply of the goods or services may be zero-rated provided the fee is charged in relation to the arranging of the supply of certain specified goods or services.

The supplies of specified goods and services are—

- goods delivered to the owner or charterer of any foreign-going ship or foreign-going aircraft provided the supply of the goods would be subject to VAT at the rate of zero per cent. (Refer paragraph 9). The goods contemplated are victuals and ships stores, fuel and any other goods which are for consumption or use in the ship or aircraft, but not cargo;
- the repair, maintenance, cleaning or reconditioning of a foreign-going ship or foreign-going aircraft;
- the services comprising the handling, pilotage, salvage or towage of any foreign-going ship or foreign-going aircraft while situated in the Republic or a specified country;
- services provided in connection with the operation or management of any foreign-going ship or foreign-going aircraft.

Where a composite management fee is charged to a ship-owner or aircraft owner in respect of the arranging of some or all of the specified goods or services listed above, the **dominant or main reason** for the composite fee will determine its VAT treatment. The fact that various ancillary services falling outside the ambit of the specified goods or services are also arranged by the representative of the shipowner or aircraft owner does not detract from the essential nature of the services supplied in return for the composite fee charged.

Where the fee for arranging the supply of goods or services is charged to a resident of the Republic, or a person resident or carrying on business in a specified country or a vendor, the fee will attract VAT at the standard rate of 10 per cent.

8. REPAIR, MAINTENANCE, CLEANING AND RECONDITIONING OF FOREIGN-GOING SHIPS AND FOREIGN-GOING AIRCRAFT

In terms of section 11 (2) (g) (iv), services supplied directly in respect of the repair, maintenance, cleaning or reconditioning of a foreign-going ship or foreign-going aircraft are subject to VAT at the rate of zero per cent.

In order to qualify for zero-rating—

- the service must be supplied directly in connection with repair, maintenance, cleaning or reconditioning;

- o moet die vaartuig ten opsigte waarvan die diens gelewer word, as 'n skip op vreemde vaart of 'n lugvaartuig op vreemde vaart kwalifiseer.

Dit is belangrik om daarop te let dat, indien die diens wat gelewer word aan die voormelde vereistes voldoen, die nulloers van toepassing sal wees ongeag aan wie die diens gelewer word. Die nulloers sal van toepassing wees, hetsy die diens aan die kaptein of eienaar van 'n skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart, of aan 'n agent of ander tussenpersoon gelewer word.

Ingevolge die bepalings van artikel 11 (1) (b) sal die lewering van enige goed wat in verband staan met die herstel, vernuwing, modifisering of behandeling van 'n skip op vreemde vaart of 'n lugvaartuig op vreemde vaart, aan die nulloers onderhewig wees, mits die goed wat gelewer is—

- o in die skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart bewerk is, daaraan vasgeheg of aangeheg is of andersins deel daarvan uitmaak; of
- o synde verbruikbare goed, regstreeks as gevolg van die gebruik in daardie herstel, vernuwings-, modifikasie- of behandelingsproses onbruikbaar of waardeloos word.

Die nulloers is gevolglik van toepassing op goed soos onderdele en ander materiaal wat deur die leweraar van die diens voorsien word ten einde die herstel- of onderhoudsdienste te lewer. Die nulloers is nie van toepassing op die lewering van onderdele of materiaal aan die leweraar van die diens nie. Die herstel van onderdele van 'n skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart word beskou die herstel van die skip of lugvaartuig te wees, mits die herstelwerk aan boord die vaartuig uitgevoer word. Die herstel van 'n onderdeel wat van die vaartuig verwyder word vir herstel word ook beskou as herstelwerk aan die vaartuig, mits dit na sodanige herstelwerk in dieselfde vaartuig teruggeplaas word.

9. GOED VIR GEBRUIK OF VERBRUIK IN 'N SKIP OP VREEMDE VAART OF 'N LUGVAARTUIG OP VREEMDE VAART

Ingevolge die bepalings van artikel 11 (1) (a) saamgelees met paragrafe (b) en (c) van die omskrywing van "uitgevoer" in artikel 1, is die lewering van goed ingevolge 'n verkoopporeenkoms aan die nulloers onderhewig indien die ondernemer (leweraar) die goed aan 'n eienaar of bevrachter van 'n skip op vreemde vaart of lugvaartuig op vreemde vaart aflewer wanneer die skip of lugvaartuig na 'n bestemming in 'n uitvoerland gaan en bedoelde goed vir gebruik of verbruik in die skip of lugvaartuig is.

Ten einde vir die nulloers te kwalifiseer, moet die lewering van goed aan die volgende vereistes voldoen:

- o dit moet roerende goed wees;
- o die goed moet ingevolge 'n verkoop of paaientkredietoreenkoms gelewer word;

- o the craft in respect of which the services are rendered must qualify as a foreign-going ship or foreign-going aircraft.

It is important to note that in the case of services which meet these conditions, the service will be zero-rated irrespective of to whom the service is rendered. The zero-rating will therefore apply whether the services are rendered directly to the master or owner of a foreign-going ship or a foreign-going aircraft or whether they are supplied via an agent or other intermediary.

In terms of section 11 (1) (b), the supply of any goods in the course of repairing, renovating, modifying or treating a foreign-going ship or foreign-going aircraft is zero-rated provided the goods supplied—

- o are wrought into, affixed to, attached to or otherwise form part of the foreign-going ship or foreign-going aircraft; or
- o being consumable goods, become unusable or worthless as a direct result of being used in that repair, renovation, modification or treatment process.

The zero-rating therefore applies to goods such as parts, components or other materials provided by the supplier of the service in order to effect the repair or maintenance service. The zero-rating does not extend to the supply of the parts, components or materials to the supplier of the service. The repair of parts or components, if carried out on board a foreign-going ship or foreign-going aircraft is regarded as the repair of the ship or aircraft. The repair of a part or component which is removed from the ship or aircraft for repair may also be regarded as the repair of the ship or aircraft, provided that it is to be replaced in the same ship or aircraft after repair.

